     

# Voorkeurbesprekings

## ATKV-Oorde vergemaklik u vakansie-ervaring met gesinsvriendelike wegbreke by enigeen van ons sewe oorde wat u, as lid, boonop vooruit mag bespreek.

Lede kan oudergewoonte vanaf 1 Augustus 2026 vir die skoolvakansie asook die Paasnaweek in Maart 2027 bespreek. Lede kan ook vanaf 1 Augustus 2026 bespreek vir verblyf of kampering vanaf 1 Maart 2027 tot 29 Februarie 2028, die Desember-/Januarie-skoolvakansie (alle oorde) en die Junie-/Julie-skoolvakansie by ATKV-Eiland Spa uitgesluit.

***Om die voorkeurbesprekingsproses so vlot as moontlik te laat verloop, bring ons graag die volgende onder ons lede se aandag:***

1. Die voorkeurbesprekingsperiode vir lede word tot die eerste 14 dae van Augustus 2026 beperk, dus vanaf 1 tot 14 Augustus 2026. Vanaf 15 Augustus 2026 word besprekings vir die algemene publiek oopgestel. Besprekings kan vanaf 07:00 die oggend op 1 Augustus 2026 gemaak word.

2. Besprekings vir verblyf of kampering vir die Paasnaweek by enige ATKV-oord moet vir 'n minimum van vier nagte gedoen word, vanaf Donderdag 25 Maart 2027 tot Sondag 28 Maart 2027.

3. Ongelukkig sal geen besprekings in persoon by die ATKV-hoofkantoor of by enige van die ATKV-oorde gemaak kan word nie.

4. Lede moet asseblief ook kennis neem dat die #RekUit-depositobeleid vir voorkeurbesprekings steeds geld. Meer inligting oor die skedules is hier beskikbaar: https://www.atkvoorde.co.za/oordnuus/rekuit-by-n-atkv-oord/

5. Deur te bespreek, bevestig u dat u aan alle bepalings en voorwaardes (https://www.atkvoorde.co.za/bepalings-en-voorwaardes/) sowel as die toepaslike oord se oordreëls sal voldoen.

6. Voorkeurbesprekings kan nou ook aanlyn op die ledeplatform (https://lede.atkv.org.za/) gedoen word. *Neem asseblief kennis van die volgende wanneer u aanlyn bespreek:*
   a. Lede kan van 1 tot 14 Augustus 2026 aanlyn bespreek vir die skoolvakansie asook die Paasnaweek in Maart 2027; en ook verblyf of kampering enige ander tyd vanaf 1 Maart 2027 tot 29 Februarie 2028, die Desember-/Januarie-skoolvakansie (alle oorde) en die Junie-/Julie-skoolvakansie by ATKV-Eiland Spa uitgesluit.

**www.atkvoorde.co.za**

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE



b. Dit geld vir alle oorde. Vir ATKV-Hartenbos sal verblyf slegs aanlyn of telefonies bespreek kan word. Besprekings vir kampering sal egter slegs telefonies gedoen kan word.

e. Word inbel- en e-posbesprekings (slegs e-posaansoeke soos ontvang vanaf 1 Augustus 2026 om 07:00) aanvaar, maar inbelbesprekings sal voorkeur geniet.

**7. Indien u aanlyn bespreek:**

a. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
b. Kan u NIE 'n spesifieke eenheid/staanplek kies NIE, slegs 'n eenheidstipe of kampeerstaanplekblok.
c. Geld die onmiddellike betaling van 'n deposito van 10% van die besprekingswaarde slegs vir 1 en 2 Augustus 2026. Daarna keer dit terug na 50% van die besprekingswaarde, soos met gewone aanlyn besprekings.
d. Word u aangemoedig om vooraf seker te maak dat u geregistreer is en toegang tot die aanlyn ledeportaal het om teleurstelling te voorkom. Indien u onseker is of hulp nodig het, skakel gerus ons ledesake-afdeling by 011 919 9000.

**8. As u telefonies bespreek:**

a. Kan u u eenheid/staanplek kies.
b. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
c. Is 'n deposito van 10% van die besprekingswaarde betaalbaar – volgens die #RekUit-skedule.

**9. U kan enige van die volgende nommers skakel om te bespreek:**

| | |
|---|---|
| ATKV-Buffelspoort | 014 572 1000 |
| ATKV-Drakensville | 036 438 6287 |
| ATKV-Eiland Spa | 015 386 8000 |
| ATKV-Goudini Spa | 023 349 8100 |
| ATKV-Hartenbos | 044 601 7200 |
| ATKV-Klein-Kariba | 014 736 9800 |
| ATKV-Natalia | 031 916 4545 |
| Sentrale besprekingskantoor | 011 919 9092 |

Ons waardeer u samewerking in hierdie verband. Moenie u kans verspeel nie – skakel ons vanaf 1 Augustus 2026 en bespreek 'n gesinsvriendelike wegbreek by een van ons sewe pragoorde!



www.atkvoorde.co.za

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE